

Donderdag 22 Oktober

Skrifgedeelte: Maleagi 1:6-8

Fokusgedeelte: Maleagi 1:6-8

Die reaksie op God se ewigdurende liefde

God se ewigdurende liefde roep elkeen van ons op om met 'n dankbaarheidsoffer te reageer. Tog leef die volk in Maleagi se tyd in totale ontkenning. Hulle probeer met uitwendige pligpleging God tevrede hou terwyl hulle krummels en oorskiet op die altaar gooi, sonder enige dankbare reaksie op sy ewigdurende liefde.

Maleagi gebruik die voorbeeld van die verhouding tussen vader en seun, heer en kneg. Tog aanvaar hulle nie sy gesagsposisie in hulle lewens nie, deur heelyd teë te praat (vs 6). *Waardeur het ons u Naam verag? Waardeur het ons U verontreinig?* (vs 7).

Baie keer kan 'n mens uiterlike vertoon hê van diens aan God, maar jou gesindheid sal jou altyd ontmasker, soos Israel se gesindheid hulle ontmasker het toe dit kom by die dankbaarheidsoffers. In Levitikus 27 staan dat die diere rein moet wees, dit moet sonder gebrek wees, maar dan kom Israel en gooi 'n klomp blinde, lam en siek diere op die altaar. Diere wat in elk geval binnekort sou doodgaan, word by die tempel ingesleep en dan word daar tevrede gesê: Kyk my dankoffer aan God! O, wat se guns doen ek Hom nie! Liefdelose pligpleging in reaksie op ewigdurende liefde. Dit kan tog nie ...

Selfs die priesters wat hierdie diere moes ondersoek en wegjaar, keur dit goed. Hulle het ter wille daarvan om mense se gevoelens te "spaar", dit laat deurgaan, maar gerieflik vergeet wat God met Nadab en Abihu gedoen het toe hulle sulke gemors op sy altaar gegooi het (Lev. 10:1-3).

Nou is die vraag: Hoe lyk my dankbaarheidsoffer in reaksie op God se ewigdurende liefde (1:2)? Offer ek in dankbaarheid soos die Heilige Gees van my vra in Romeine 12:1 – "... dat julle jul liggame stel as 'n lewende en heilige en aan God welgevallig offer ..."? Want toe die tyd aanbreek dat God in sy ewigdurende liefde sy offer moes stuur, was dit 'n volkome offer: Jesus Christus self (Heb. 10:14). *Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak dié wat geheilig word.*

Hoe lyk my offer in antwoord op sy offer?

Sing: Psalm 66-1:6

Ds. FJ van Rensburg (Frikkie) (Rustenburg-Noordoos)